Plak asseblief die strepieskode-etiket hier.

**PUNTE-TOTAAL**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2021

**TOERISME**

**EKSAMENNOMMER**

Tyd: 3 uur

200 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 28 bladsye wat die volgende bylae INSLUIT:
   - **BYLAAG A**: "Na 'n treurige jaar, beplan rolspelers die herlewing van Nelson Mandelabaai"
   - **BYLAAG B**: Skriftelike klagte
   - **BYLAAG C**: Wêreldtydsonekaart
   - **BYLAAG D**: Assesseringsrubriek vir konsepkaart
   - **BYLAAG E**: Assesseringsrubriek vir uitgebreide skryfwerk
2. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
3. Antwoord AL ses vrae in die geallokeerde spasies op hierdie vraestel en lewer dit aan die einde van die eksamensessie in.
4. 'n Niegrafiese, nieprogrammeerbare sakrekenaar mag gebruik word. Toon alle berekeninge.
5. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
6. Gee spesiale aandag aan spelling en sinskonstruksie.
7. Kandidate moet kleurpenne gebruik om die konsepkaart te voltooi.
8. Kandidate moet bladsye 20–21 gebruik om die konsepkaart te konstrueer.
9. Twee blanko bladsye (bladsy 27 tot 28) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

| VRAAG | PUNTE TOEGEKEN | PUNTE BEHAAL | GEMIDDELDE TYD PER VRAAG |
|---|---|---|---|
| 1 | 24 | | 22 minute |
| 2 | 47 | | 42 minute |
| 3 | 46 | | 41 minute |
| 4 | 23 | | 21 minute |
| 5 | 30 | | 27 minute |
| 6 | 30 | | 27 minute |
| **Totaal** | **200** | | 180 minute |

## VRAAG 1

**Verwys na BYLAAG A hieronder: "Na 'n treurige jaar, beplan rolspelers die herlewing van Nelson Mandelabaai ekonomiese sektor".**

Toerismeleiers van Nelson Mandelabaai gaan na maniere kyk om nuwe besigheid op te bou. 'n Grendeltyd-feesseisoen het die toerismebedryf regtig skade berokken.

Die toerismeleiers het besigheidsreisigers geteiken. Die toekoms lyk egter duister aangesien daar steeds 'n verwagting is dat internasionale vakansiegangers die Baai sal vermy nadat dit as 'n Covid-19-"brandpunt" geklassifiseer is.

Aankomste by die Hoofman Dawid Stuurman (voorheen Port Elizabeth) Internasionale Lughawe het afgeneem na 36 380 passasiers oor Desember, in vergelyking met 91 753 in 2019. Die jaarlikse syfer het afgeneem van 865 278 na 308 649. Toerisme het minder as 15% ingebring van wat dit in Desember 2019 ingebring het.

Dit beteken dat baie besighede in die toerismebedryf baie besigheid verloor het; sommige moes hulle deure permanent toemaak.

Die voorsitter van Nelson Mandelabaai Toerisme, Shaun van Eck, het gesê dat veral internasionale besoekers ongelukkig vir die volgende paar maande skaars sal bly.

"Sodra ons begin voel asof iets positiefs gaan gebeur, word ons weer platgeslaan. Die kettingreaksie is verwoestend," het Nick Wilmot, eienaar van Wilmot Cottages, gesê.

Sisa Manxiwa is 'n toeroperateur en besit *Enkosi Travel and Tours.* Sy bied toere rondom die Oos- en Wes-Kaap, met die fokus op stedelike en township-toere aan. Sisa het genoem dat "As dit nie was dat ek 'n taxidiens na en van die lughawe aangebied het nie, sou ek moes toemaak."

"Ons het straatverkopers met aandenkings aan die strandfront en vrouens wat braai op die Esplanade gesien. Dit voed alles in die toerismevoedselketting in – en dit het alles ineengestort."

"Ons het onderhoude met 'n aantal toeriste gevoer en gesien dat binnelandse toerisme nog redelik aktief is, aangesien baie van die kliënte nie plaaslike inwoners was nie," het Shaun van Eck gesê.

Van Eck het gesê dat hulle 'n strategie beplan waar toerismerolspelers gaan saamkom om weer na die algehele bemarking van toerisme in Nelson Mandelabaai te kyk. Gelukkig het veldtogte soos *Wide Open Spaces* goed gedoen om allerlei buitelugaktiwiteite rondom die Baai op ons toep aan te moedig. Hulle hou aan om 'n deurslaggewende rol in ons planne vorentoe te speel.

"Nog 'n strategie is om onsself aan werknemers in die plaaslikeregeringsektor te bemark, omdat ons glo dat ons vanuit daardie mark ontspanningsreisigers kan lok."

"Ons sal op mense wat invlieg en bootvaarte fokus en ons beplan om opleiding te verskaf om die vaardighede van toerismepersoneel en klein besighede te verbeter."

[Aangepas uit: Eastern Province Herald: 'After dismal year, stakeholders plan the revival of key Bay economic sector'. 14 Februarie 2021]

IEB Copyright © 2021

1.1 **Verduidelik** wat word met die term *Covid-19-brandpunt* bedoel.

(1)

1.2 **Watter** tipe toeris sal mees waarskynlik van *Enkosi Travel and Tours* gebruik maak?

(1)

1.3 **Hoe** het *Enkosi Travel and Tours* dit reggekry om gedurende die grendeltydperk in besigheid te bly?

(1)

1.4 Shaun van Eck noem dat hulle, deur onderhoude met toeriste te voer, kon vasstel dat binnelandse toerisme steeds aktief is. **Noem** TWEE ander metodes om kliënte-inligting vir toerismebesighede te versamel.

(2)

1.5 **Identifiseer** DRIE tipes toeriste wat die Nelson Mandelabaai Toerisme-leiers beplan om deur hulle voorgenome bemarkingstrategie te lok.

(3)

1.6 **Omskryf kortliks** watter tipe advertensie-/bemarkingstegniek hulle kan gebruik om die beste aan hierdie behoefte te voldoen en **verskaf** TWEE voorbeelde wat hiervoor gebruik kan word.

(3)

IEB Copyright © 2021

1.7 Die bemarkingstrategie sluit "opgradering van toerismepersoneel se vaardighede" in. **Noem** DRIE vaardighede wat jy dink die voordeligste vir die personeel sal wees.

(3)

1.8 In die artikel noem Wilmot dat *"die kettingreaksie verwoestend is".* In 'n kort paragraaf, **identifiseer en analiseer** hierdie 'kettingreaksie' op die plaaslike toerismebedryf **en** op die informele sektore wat met die toerismebedryf in die Baai skakel.

(7)

1.9 Vooruitgang in tegnologie het voortdurend 'n impak op die toerismebedryf. **Verduidelik** hoe reisondernemings volhoubaarheid in vandag se onseker omgewing, wêreldwye situasies en voortdurende verandering kan verseker.

(3)
**[24]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 2

2.1 *"Verskillende kliënte het verskillende behoeftes."* **Verskaf** TWEE voorbeelde om hierdie bewering te illustreer.

(2)

2.2 Waarom is dit noodsaaklik om 'n aksieplan te implementeer nadat terugvoering van 'n kliëntopname ontleed is?

(3)

2.3 2.3.1 Waarom is 'n webwerf noodsaaklik vir 'n toerismeonderneming?

(2)

2.3.2 **Verskaf** 'n rede hoekom dié werf op datum en relevant gehou moet word.

(2)

2.4 2.4.1 **Noem** VIER faktore wat 'n professionele beeld van 'n besigheid kan verbeter (moenie personeelprestasie insluit nie).

(4)

IEB Copyright © 2021

2.4.2 **Stel voor** hoe ELKE faktor gebruik kan word om die professionele beeld van die besigheid te verbeter.

(4)

2.5 2.5.1 **Stel** TWEE strategieë voor wat besighede kan implementeer om personeelprestasie te verbeter.

(2)

2.5.2 **Verduidelik** hoe elke strategie die besigheid en/of die personeel kan bevoordeel.

(2)

2.6 Hoekom is dit belangrik vir 'n besigheid om die prestasie van 'n span in die diensbedryf krities te evalueer? **Gee** VIER redes.

(4)

IEB Copyright © 2021

2.7 **Verduidelik** die noodsaaklikheid om op elkeen se sterk punte en vermoëns te werk in 'n spanomgewing.

(3)

2.8 **Noem** TWEE moontlike struikelblokke tussen spanlede wat in die pad van effektiewe spanwerk kan staan.

(2)

2.9 **Beskryf** TWEE persoonlikheidseienskappe wat spanlede moet hê om die span in staat te stel om sy doel te bereik.

(2)

**BYLAAG B:** Lees die onderstaande uittreksel en gebruik dit om die volgende vrae te beantwoord:

**'Skriftelike klagte'**

Selfs na my talle foonoproepe, het ek **steeds** nie enige kommunikasie van julle kantore aangaande my klagte ontvang nie.

In geval julle vergeet het, ek het 'n e-pos aan julle gestuur oor my bejaarde ma wat in 'n rolstoel is en wat onlangs julle oord besoek het. Haar ervaring was alles behalwe bevredigend.

Ek versoek dat julle oord 'n geallokeerde parkering vir gestremdes installeer, asook 'n oprit vir maklike toegang. Hierdie versoeke kan tog sekerlik uitsorteer word met 'n bietjie handearbeid en 'n geringe koste vir boumateriaal.

Nog 'n bekommernis wat ek het, is dat julle webwerf so verouderd is dat julle Desember spesiale aanbiedinge nog beskikbaar is en daar word geen melding gemaak van wanneer hierdie spesiale aanbiedinge ten einde loop nie. Dit is nou Junie en my ma het verwag om die voordeel van hierdie aanbiedinge, waarvoor sy 'n spesiale rit na julle oord onderneem het, te kry.

IEB Copyright © 2021

Sy was veral opgewonde om julle oord te besoek omdat sy elke aand wou deelneem aan die Bingo-kompetisies, die spesiale saunas vir artritis, die Virtuele Realiteit-rekspringaktiwiteite vir bejaardes en die aand vir enkellopendes bo 70 wat op die laaste Saterdagaand van haar verblyf gehou is.

Ek moet julle oord prys vir die spyseniering vir mense in haar ouderdomsgroep, aangesien min mense dit deesdae doen. Die spesiaal opgeleide personeel in julle welstandsentrum was ongelooflik.

Toe die kostes vir die week weg egter bereken is, was my ma geskok, aangesien sy 'n pensionaris is en kwalik die nuwe tariewe kon bekostig. Die negatiewe reaksie van julle ontvangsklerk was selfs meer skokkend toe hy my ma ingelig het dat sy die fynskrif moes gelees het. Sy kan skaars die **groot** skrif lees!

Ek vertrou dat ons 'n positiewe reaksie aangaande hierdie saak sal ontvang. Dit is tog na alles tot voordeel van julle besigheid!

[Aangepas uit *Hello Peter* Februarie 2021]

2.10 In watter opsig kan die oord in die klagte baat vind by 'n Gedragskode?

____________________________________________________

(3)

2.11 **Stel** 'n SSGB-analise op vir die oord wat in die klagte genoem word. Gebruik die artikel as 'n bron van inligting.

____________________________________________________

(12)
**[47]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 3

3.1 3.1.1 **Vergelyk** die terme *swak rand* en *sterk rand*.

(4)

3.1.2 **Bespreek** hoe 'n swak rand en 'n sterk rand 'n internasionale toeris na Suid-Afrika sal affekteer.

(4)

3.2 3.2.1 As 'n Britse toeris wat Suid-Afrika wil besoek bank toe gaan om Britse ponde vir rande te verruil, **watter koers** sal die bank gebruik om die ruilbedrag te bereken?

(1)

3.2.2 **Verduidelik** die verskil tussen die twee bankkoerse.


(4)

3.3 **Identifiseer** TWEE verskillende betalingsmetodes wanneer mens reis en **verskaf** EEN voordeel van elkeen.

(4)

IEB Copyright © 2021

3.4 Verwys na die grafiek hieronder om die volgende vrae te beantwoord:




3.4.1 **Verduidelik** in detail watter inligting in hierdie grafiek voorgelê word.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (4)

3.4.2 **Identifiseer** die jaar wat dit die **gunstigste** vir 'n Amerikaanse toeris was om Suid-Afrika te besoek.

______________________________________________________________________ (1)

3.4.3 (a) Watter jaar was dit die **ongunstigste** vir 'n Amerikaanse toeris om Suid-Afrika te besoek?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

(b) **Gee 'n rede** vir jou antwoord.

(1)

3.4.4 (a) **Bespreek** die tendens wat vanaf 1994 op die grafiek gereflekteer word.

(2)

(b) **Gee** DRIE moontlike oorsake vir hierdie tendens.

(3)

3.4.5 Die ZAR : USD-wisselkoers was ZAR15,121 : USD1 op 28 Februarie 2021. Hoe **vergelyk** hierdie koers met die laaste aangetekende waarde op die grafiek?

(1)

3.4.6 **Noem** TWEE faktore wat die waarde van 'n land se geldeenheid kan affekteer.

(2)

IEB Copyright © 2021

3.4.7 Die wêreld het in die laaste paar jaar vinnige ontwikkelings in die tegnologie wat deur toeriste gebruik word, gesien.

**Verskaf** TWEE voorbeelde van ontwikkelings wat die betalingsmetodes van toeriste, terwyl hulle met vakansie is, verander het.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

3.4.8 **Verduidelik** kortliks die verhouding tussen toerismevolumes en die BBP.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

3.5 Bestudeer die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| **Historiese vergelyking** ➡ | **28 Des. 2020** | **28 Feb. 2021** |
|---|---|---|
| **Land** | **Koste om geldeenheid in ZAR te koop** | **Koste om geldeenheid in ZAR te koop** |
| Engeland – Britse pond | 21,059278 | 19,682815 |
| Japan – Japannese jen | 0,141899 | 0,140956 |
| VSA – Amerikaanse dollar | 15,121248 | 14,638045 |
| Europa – euro | 18,255096 | 17,880261 |
| Botswana – pula | 1,353690 | 1,385724 |

[Bron: <https://www.x-rates.com/historical/?from=ZAR&amount=1&date=2021-02-28>]

3.5.1 In Desember 2020 het Mnr. en Mev. Nelson ('n Britse paartjie) met £80 000 Suid-Afrika toe gekom. Gebruik die wisselkoerstabel hierbo en bereken hoeveel geld hulle in ZAR ontvang het. **Toon alle berekenings**.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (3)

IEB Copyright © 2021 

3.5.2 Saam het hulle R35 000 oor na hulle besoek. Bereken hoeveel Britse ponde hulle sal ontvang wanneer hulle op die nuwe koers in Februarie 2021 verruil. **Toon alle berekenings.**


(4)

3.5.3 *"Suid-Afrika se ekonomie was histories die sterkste in die SAOG-streek en op die Afrika-kontinent."* **Lewer kommentaar op** hierdie stelling deur na die bostaande wisselkoerstabel te verwys.

(3)
**[46]**

IEB Copyright © 2021

**VRAAG 4 Verwys na BYLAAG C hieronder: Wêreldtydsonekaart.**



4.1 4.1.1 **Definieer** die konsep van tydsones.

(2)

4.1.2 **Verduidelik** hoe tydsones toeriste se beplanning en reis affekteer.

(3)

4.2 **Analiseer** die impak van dagligbesparingstyd (DBT) op reisigers en op die streek wat dit geïmplementeer het.

(4)

4.3 **Maak** TWEE aanbevelings oor hoe om vlugmoegheid/-voosheid te verminder.

(2)

IEB Copyright © 2021

4.4 Hoe laat is dit in Sydney wanneer 'n vlug om 09:00 vanaf OR Tambo vertrek? **Toon alle berekenings**.

(3)

4.5 Mev. Sithole vertrek vanaf Johannesburg om 15:00 op 23 Januarie om 'n seminaar in Tokio by te woon. Die vlug is sewe ure lank.

4.5.1 Bereken haar aankomsdatum en -tyd in Tokio. **Toon alle berekenings.**

(4)

4.5.2 Met haar aankoms ontdek sy dat haar bagasie, wat haar skootrekenaar insluit, in Johannesburg agtergebly het. Die lughawepersoneel verseker haar dat haar skootrekenaar reeds ingeboek is op die volgende vlug vanaf Johannesburg wat tans om 05:00 **Tokio se plaaslike tyd** vertrek. Haar seminaar is geskeduleer om 10:00 op 24 Januarie te begin.
**Bepaal** of sy haar skootrekenaar betyds sal hê vir haar seminaar. **Toon alle berekenings**.

(5)
**[23]**

## VRAAG 5 KONSEPKAART

In die tweede deel van jou PAT vanjaar, is daar van jou verwag om 'n moontlike onderneming, wat waarde sal toevoeg tot 'n toeristeaantreklikheid of -diens, te identifiseer.

**Konstrueer 'n konsepkaart** waarin jy die impak van hierdie besigheidsgeleentheid op die toerismebedryf **EN** die **drie pilare van volhoubare toerisme evalueer.**

Sluit die volgende punte in jou konsepkaart in:

- 'n Titel wat jou unieke geleentheid/onderneming omskryf.
- Enige vyf van die nege P's van die bemarkingsmengsel wat die unieke onderneming beskryf.
- Die unieke verkoopspunt.
- Kenmerke van 'n suksesvolle onderneming:
  - die kenmerke van 'n suksesvolle toeristeaantreklikheid wat jy graag in jou onderneming sal wil sien,
  - die strategieë/faktore waarop jou besigheidsplan sal fokus om hierdie kenmerke te verwesenlik.
- Aanbevelings oor hoe die onderneming kan verseker dat kliënte terugkeer en dat die kliëntebasis behou word.
- Die drie faktore wat 'n impak op volhoubare en verantwoordelike toerisme het.
- Hoe jou unieke onderneming 'n impak kan hê op die drie pilare van volhoubare toerisme, met voorbeelde.
- Die onderlinge verhoudings tussen die konsepte, insluitende oorsake en gevolge.
- 'n Sleutel met verskillende kleure om tussen die konsepte te onderskei.

**[30]**

**Verwys na die assesseringsrubriek vir 'n konsepkaart op bladsy 19. Gebruik bladsy 20–21 vir jou konsepkaart.**

IEB Copyright © 2021

## BYLAAG D: Assesseringsrubriek vir konsepkaart

| Kriteria | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 | 0 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Geskikte titel en kort verduideliking van die besigheid.** | | | | Titel en kort verduideliking van die besigheid/ onderneming. | Titel maar geen verduideliking van die besigheid /onderneming of verduideliking maar geen titel. | Nie geadresseer nie. | **2** |
| **VYF bemarking P's met kort verduideliking/ plan om elkeen te verduidelik. Unieke verkoopspunt is geïdentifiseer.** | Al 5 P's is genoem met 'n spesifieke verduideliking van elkeen. Unieke verkoopspunt is geïdentifiseer. | 5 P's is genoem met 'n gepaste verduideliking/ beskrywing van elkeen. Unieke verkoopspunt is uitgelaat of nie uniek nie. | 3 of 4 P's is genoem met 'n redelike verduideliking. Unieke verkoopspunt is uitgelaat of nie uniek nie. . | Slegs 1 of 2 van die P's is genoem met 'n vae verduideliking van elkeen. Geen unieke verkoopspunt is geïdentifiseer nie. | Swak poging om die bemarkings-plan te omskryf. Faktore is genoem, maar nie geloofwaardig nie of swak beplan. | Nie geadresseer nie. | **5** |
| **Sleutelkenmerke vir sukses is geïdentifiseer; verskeie strategieë is beskryf.** | | Meer as 5 eienskappe vir sukses is geïdentifiseer. Minstens 3 insiggewende strategieë is beskryf. 'n Kwaliteit antwoord. **X2** | 3–4 eienskappe vir sukses is geïdentifiseer. 1–2 goed-uitgedinkte strategieë is beskryf. **X2** | 1–2 eienskappe vir sukses is, geïdentifiseer, een goeie strategie is beskryf. **X1** | Antwoord ontbreek substansie, swak poging om eienskappe/ strategieë te identifiseer. **X1** | Nie geadresseer nie. | **8** |
| **Aanbevelings hoe die onderneming herhaalde besigheid kan verseker en die kliëntebasis kan behou.** | | | Aanbevelings dui 'n uitstekende begrip van maniere om 'n kliëntebasis te behou en uitstekende diens te lewer aan. | 'n Redelike poging om aanbevelings te maak, maar ontbreek duidelike insig oor hoe om herhaalde besigheid te behou. | 'n Poging is aangewend om aanbevelings te maak, maar dit is swak geadresseer. | Nie geadresseer nie. | **3** |
| **3 faktore wat 'n impak op volhoubare en verantwoordeli-ke toerisme het, is geïdentifiseer. Evaluasie van die impak op die drie pilare met voorbeelde van hoe die onderneming die drie pilare kan beïnvloed.** | | 3 faktore is geïdentifiseer. Buitengewone begrip van en evaluasie van die impak op die drie pilare. Gepaste voorbeelde is gegee. Uitstekende kritiese denkvaardig-hede. **X2** | 3 faktore is geïdentifiseer. Insiggewende respons, evaluasie van die impak op die drie pilare is gebalanseerd en beide kante is oorweeg. Party geskikte voorbeelde is gegee. **X2** | 3 faktore is geïdentifiseer. Respons ontbreek diepte, toon min kritiese denke. Geen evaluasie of geen voorbeelde gegee nie. **X1** | Geen faktore is geïdentifiseer nie of respons is oppervlakkig. Geen bewys van kritiese denke nie of geen evaluasie of geen voorbeelde is gegee nie. **X1** | Nie geadresseer nie. | **8** |
| **Skakels tussen die punte is gemaak, geldige verduidelikings is verskaf, sleutel en kleure is ingesluit. Gesofistikeerde uitleg.** | | Uitstekende uitleg, Verskeie betekenisvolle skakels toon begrip van die onderlinge verhoudings. Kleure en sleutel reflekteer hoër- orde respons. | Baie skakels is aangedui, verduideliking mag oppervlakkig wees, of sleutel en kleure ontbreek in-diepte begrip van onderlinge skakels. | Party skakels is gemaak, maar ontbreek verduideliking en/of sleutel. | Geen skakels is gemaak nie of skakels is lukraak soos spaghetti oor die bladsy versprei en/of het geen sleutel of verduideliking nie. | Geen skakels is gemaak nie en/of geen sleutel is verskaf nie. | **4** |
| **Moontlike totaal:** | | | | | | | **30** |

## Konstrueer 'n konsepkaart

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

**Scenario:** Jy is 'n toeroperateur en het 'n toer van twee weke beplan vir 'n groep Sjinese besoekers wat 'n land in die SAOG-streek wou besoek.

**Stel** 'n verslag vir die groep **saam** waarin jy die volgende adresseer:

- Watter dokumentasie verpligtend is wanneer lande in die SAOG-streek vanuit 'n internasionale land besoek word.
- Aanbevelings aangaande gesondheidsmaatreëls EN veiligheidsmaatreëls wat die toeriste behoort te neem voor en tydens hulle besoek aan die SAOG-streek.
- Advies oor:
  - Dit wat die toeriste kan verwag wanneer hulle deur doeane gaan.
  - Wat 'belastingvry' beteken.
  - Verskillende kanale waardeur hulle dalk sal moet gaan.

- 'n Analise van die impak van die *Covid 19*-pandemie op die toerismebedryf.
- VYF of meer betekenisvolle voorstelle aangaande verantwoordelike en volhoubare toerisme.
- Die belangrikheid daarvan om toerismebesighede te ondersteun wat die FTTSA -etiket vertoon.

**BELANGRIK:**

- Jou verslag moet 'n geskikte titel hê.
- Jy mag onderopskrifte in jou verslag gebruik.
- Verwys na die rubriek op bladsy 23 om jou te help om jou antwoord te beplan.

**[30]**

IEB Copyright © 2021

## BYLAAG E: Assesseringsrubriek vir uitgebreide skryfstuk:

| Kriteria | 4 | 3 | 2 | 1 | 0 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Dokumente wat vereis word om die SAOG-streek te besoek.** | | | Al 3 vereiste dokumente is genoem. | 1–2 van die dokumente is korrek gelys. | Verkeerd of geen respons is gegee nie. | **2** |
| **Gesondheids- en veiligheids-maatreëls vir die duur van die besoek.** | 'n Minimum van 3 gesondheids- **en** 'n minimum van 3 veiligheidsmaatreëls is gegee. | 1–2 geskikte voorsorg-maatreëls is gegee vir gesondheid en veiligheid. | Óf gesondheids- óf veiligheids-maatreëls is gegee, **OF** inligting verskaf is vaag, **of** nie geskik vir die SAOG-streek nie. | 'n Poging is aangewend om die voorsorg-maatreëls te adresseer, maar die respons is op sy beste vaag. | Geen poging om hierdie punt te adresseer nie. | **4** |
| **Advies bevat 'n verduideliking van doeane-regulasies, kanale en belastingvrye inkopies.** | | Al 3 faktore is geadresseer, met akkurate verduidelikings vir die toeriste. | Inligting vir slegs 2 van die faktore verskaf **OF** inligting is tot 'n sekere mate onakkuraat. | Inligting vir slegs een van die faktore verskaf, **OF** inligting is te vaag of onakkuraat. | Geen poging om hierdie punt te adresseer nie. | **3** |
| **'n Analise van die impak van die Covid 19-pandemie op toerisme en die land.** | | Analise is deeglik, beide positiewe en negatiewe impak geadresseer, impak op toerisme & die land is in ag geneem. **X2** | Analise is redelik, betekenisvolle insig mag ontbreek **OF** geen analise, of slegs positiewe of slegs negatiewe impak is genoem **OF** impak op toerismebedryf of impak op die land is weggelaat. **X2** | Geen analise, **OF** respons ontbreek wesenlike besonderhede. **X2** | Nie geadresseer nie | **6** |
| **Toeriste se verantwoor-delike en volhoubare gedrag.** | Meer as 5 geskikte riglyne is verskaf om toeriste se gedrag te omskryf. Beide aspekte is geadresseer. | 3–4 geskikte riglyne is verskaf om toeriste se gedrag te omskryf. Beide aspekte is geadresseer **OF** slegs volhoubare of slegs verantwoordelike riglyne is gegee. | 1–2 geskikte riglyne is verskaf **OF** slegs volhoubare of slegs verantwoordelike riglyne is gegee. | 'n Poging tot 'n respons is aangewend, maar dit is vaag of nie geskik vir die streek nie. | Geen poging om hierdie punt te adresseer nie. | **4** |
| **Motivering vir ondersteuning van FTTSA-embleme.** | Respons verskaf duidelike motivering, toon 'n gedetailleerde begrip van die belangrikheid van die rol van die FTTSA, geldige voorbeelde van voordele vir die plaaslike inwoners. **X2** | Kandidaat se respons verskaf 'n motivering, maar een van die faktore vir 'n Vlak 4-antwoord ontbreek. **X2** | Kandidaat se respons mag dalk nie 'n betekenisvolle argument ten gunste van die ondersteuning van besighede wat die FTTSA-embleem ten toon stel, verskaf nie, **OF** 2 van die faktore vir 'n Vlak 4-antwoord ontbreek. **X2** | Respons is nie 'n oortuigende motivering nie, **OF** kandidaat het 'n poging aangewend om die punt te adresseer, maar weet nie wat die FTTSA is of wat hulle rol is nie. **X2** | Nie geadresseer nie. | **8** |
| **Organisasie van inligting met 'n gepaste titel. Spelling. Grammatika.** | | Logiese uitleg, paragrawe, geen grammatika- of spelfoute, geskikte titel. | Een van die kriteria is nie nagekom nie. | Meer as een kriteria nie nagekom nie. | Geen titel en/of baie grammatika- of spelfoute, swak uitleg. | **3** |
| | | | | | | **30** |

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2021

IEB Copyright © 2021

**BYKOMENDE RUIMTE (ALLE vrae)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE RUIMTE GEBRUIK HET OM SEKER TE MAAK DAT AL DIE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2021

IEB Copyright © 2021